

PULA IMVULA

>> GROWING FOOD >> GROWING PEOPLE >> GROWING PROSPERITY >>



FEBRUARIE
2014

Stel 'n bemarkingsplan saam vir mielies



Die meeste boere is baie goed met die ontwikkeling van hul gewasproduksieplanne vir die nuwe seisoen. Hulle het strategieë oor saadkeuses, onkruidbeheer en bemestingsprogramme en hulle weet of hulle van plan is om te ploeg, of geenbewerking gaan toepas. Regdeur die seisoen monitor boere hul oeste en pas hul planne aan volgens die toestande, soos onverwagse insekplae, of laat reën. As deel van die jaarlikse boerderyriglyne, moet boere altyd die markte in gedagte hou – beide plaaslik en internasionaal.

'n Behoorlike graanbemarkingsplan vereis dat die boer sy prysteiken bereken – die prys wat die moeite en risiko die moeite werd maak. Dit beteken om koste te dek en ook wins te maak, anders is die oefening nie die moeite werd nie. Verskillende bemarkingstrategieë moet geïdentifiseer word om die teikenpryse te bereik. Dit kan 'n paar verskillende vorms aanneem, of op een koper gemik wees, maar dit moet buigsaam wees en dit moet gereeld hersien word. Ongelukkig is dit te dikwels die geval dat 'n boer gedwing word om te verkoop teen enige prys wat hy kan kry, want hy moet sy skuld diens; 'n baie beter posisie is indien die boer kan aanpas by die mark en wag vir sy ideale prys.

Faktore wat die bemarkingsplan beïnvloed

Daar is vier belangrike faktore wat die bemarkingsplan beïnvloed:

Persoonlike houding oor bemarking

Stres jy deur elke dag te kyk na die

Graan SA tydskrif vir ontwikkelende boere

Lees Binne:

06 | Sclerotinia by sonneblom en sojabone

10 | Graan SA voer 'n onderhoud met...TO Mdluli

11 | Die plaaskantoor – 'n behoefte of 'n las?





OUMA JANE SÊ...

Dit wil voorkom asof ons weer eens verspreide reën ervaar – sommige mense is gelukkig, terwyl ander nie is nie. Dit is baie swaar indien jy nie die gelukkige een is nie! Niks hou gelukkig vir altyd nie en ons moet glo dat die "normale" reënpatroon iewers weer sal terugkeer.

Ek is onlangs met 'n etiese probleem gekonfronteer – dit lyk asof mense oneerlik is, omdat hulle glo dat hulle nie "uitgevang" sal word nie. Dit is 'n baie hartseer toedrag van sake. Integriteit is iets wat nie een van ons mag verloor nie – my woord is my woord en daar is geen ander manier nie. Jy sal wonder waarom skryf ek dit?

Baie boere maak gebruik van 'n produksieling om hulle oes te finansier – hulleleen geld van 'n agribesigheid of kommersiële bank of die Land Bank. Die gewas op die land dien as sekuriteit vir die lening en dikwels is die versekeringsmaatskappye betrokke om te verseker dat daar 'n inkomste sal wees indien weerstoestande 'n misoos veroorsaak. Dit word van die boer verwag om die lening af te betaal wanneer hy die oes afhaal. Wat dan oorblê nadat hy die lening betaal het, is sy wins uit die oes.

Die uitleeninstansie sowel as die mentors en boere wil weet watter opbrengs hulle kan verwag van die gewas en daarom doen hulle gereeld oesskatting. Hierdie skattings is baie akkuraat – die personeel van die versekeringsmaatskappye is baie goed met hierdie oesskatting en hulle is selde verkeerd.

Indien die oes op die land geskat word op 4 ton/ha en die boer lewer slegs 3 ton/ha, is dit vir almal betrokke baie duidelik dat 'n deel van die graan iewers anders gelewer is. Dit spyt my om te sê dat dit 'n algemene praktyk is – boere lewer slegs 'n gedeelte van die graan aan die instansie wat aan hulle die geld geleent het en lewer dan die balans op 'n ander plek vir kontant. In plat Afrikaans – DIT IS BEDROG. Daar is verskillende maniere waarop dit gedoen word – sommige lewer aan 'n ander silo of meulenaar, terwyl ander aan dieselfde silo lewer, maar dan maak asof dit iemand anders se oes is.

Ongelukkig kom hierdie inligting een of ander tyd uit en mense begin weet dat boere oneerlik is. Dit het 'n ernstige invloed op hulle kans om ooit weer 'n lening by enige instansie te kry. Asseblief, indien jy as boer geld nodig het – praat met die uitleeninstansie voordat jy in die versoek kom om bedrog te pleeg – onthou dat jou reputasie meer werd as enigets anders!

Stel 'n bemarkingsplan saam vir mielies



Finansiële behoeftes van die besigheid

Identifiseer produksiekoste en sluit jou lewenskoste daarby in en identifiseer dan 'n aanvaarbare opbrengs om produksiekoste te dek. Identifiseer die risiko's en weet hoeveel finansiële druk jou besigheid kan neem sonder om bankrot te gaan.

Seisoenale pryspatrone

Verstaan wat seisoenale prysbeïnvloeders – plaaslik en internasionaal, byvoorbeeld hoe kan 'n nat seisoen in die Verenigde State van Amerika 'n impak hê op Suid-Afrikaanse markte?

Huidige prysvooruitsigte

Die mark dui altyd prysvooruitsigte aan, maar dit is nie betroubaar nie. Hoe verder in die toekoms die voorspellings is, hoe minder akkuraat sal hulle geneig wees om te wees. Beplan 'n gedeelte van elke jaar se oes suiwer gebaseer op die finansiële oorwegings van die besigheid, ongeag van die huidige prysvooruitsigte. Die gevolg daarvan om 'n "Bemarkingsplan" te hê, moet jy:

- 'n Padkaart ontwikkel wat jou spesifieke doelwitte definieer en wat jy wil bereik;
- Bemagtig wees om 'n uitstekende bemarkingsbesluit te neem, ongeag van wat later met die prys gebeur; en
- Duidelik identifiseer hoeveel spekulasie (risiko) jy in staat is om te dra.

Wat beïnvloed

mieliebemarkingspatrone?

'n Aantal kwessies het 'n invloed op die bemarking van mielies:



BEMARKING

Tyd van die jaar

Mielies is altyd geredelik beskikbaar in Suid-Afrika – selfs al is die oes nie goed nie – wat beteken dat handelaars selde nodig het om ver te reis om die mielies wat hulle nodig het, te vind. Boere moet kompeteer vir die beste prysen en diegene wat in afgeleë gebiede woon, kan probleme hê om hulle oeste te verkoop.

Liggings en vervoerfasiliteite

Bemarkingsgeleenthede vir mielies wat deur boere verbou word wat naby groot sentra of groot paaie geleë is, is minder ingewikkeld as vir diegene wat in afgeleë gebiede woon, soos aan die voet van die Drakensberge. Victor Mahlinza boer naby Estcourt in Kwa-Zulu-Natal en hy berig dat boere sterker groei in baie areas in hulle boerdery, maar hulle het steeds uitdagings tydens oestyd, want daar is geen silo's om hul oes te stoor nie, daarom moet hulle die graan direk op sleepwaens laai en swak paaie na die markte hanteer. Hul bemarkingskanaal hou baie uitdagings in en kan hul vermoë om vir toppryse in die mark te kompeteer, in gevaar stel.

Beskikbaarheid van markplekke

Die markplek vir ons graan word oorheers deur 'n sentrale rolspeler, bekend as die Suid-Afrikaanse Termynbeurs (Safex), wat dien as 'n koop-en-verkoop-platform. 'n Sekere kundigheid is nodig om hierdie termynbeurs effektiel te gebruik, dus maak baie boere as gevolg daarvan staat op agente om hulle te lei of handel te dryf namens hulle. Boere moet 'n poging aanwend om te verstaan hoe Safex werk.

Elke boer moet die vertroue hê dat sy agent sy beste belang op die hart dra en sal poog om die beste moontlike prys te kry, daarom moet hulle dikwels met hul agent praat.

Vervoerdifferensiaal

Dit is belangrik vir boere wat hul mielies plaaslik verkoop om te weet wat die vervoerdifferensiaal is.

Die vervoerdifferensiaal is in wese die vervoerkoste in die vervoer van jou graan van jou plaas na die sentrale punt vir graanhandel by Randfontein in Gauteng, dus trek Safex die koste van jou betaling af. Indien 'n plaaslike maatskappy graan van Randfontein koop, sal hy ook vervoerdifferensiaal betaal. Verkopers moet verstaan dat dit 'n punt vir onderhandeling is en die fook van die vervoerdifferensiaal kan 'n gedeelde koste wees. Om ingelig te wees, bemagtig die onderhandelingsproses.

Grootte van die oes

Wanneer 'n rekordoes realiseer, kan handelaars hulle keuse maak en dus sal prys geneig wees om afwaarts te beweeg, wat 'n invloed het op winsgewendheidsvlakke op die plaas. Oorproduksie onderdruk altyd prysen en maak die hele proses van mielieproduksie onwinstelik. Dit is die rede waarom boere vooruit moet dink en termynkontrakte met Safex of met die plaaslike besighede moet organiseer. Dit beteken nijs om meer mielies te plant as wat jy gebruik, indien jy nie 'n mark geïdentifiseer het nie.


Baie belanghebbendes vra die vraag waarom ons aan die uitvoermark wil verkoop.



“Wat geluk aanwakker, is die gewoonte om uit te kyk vir geleenthede, en 'n liefde vir detail en vooruitskouing aan te kweek.”

Suid-Afrika produseer jaarliks meer mielies as wat ons plaaslik verbruik, selfs in droogtejare, dus benodig ons 'n konstante vloei van mielies uit die land. Die uitvoermark balanseer die jare van oorproduksie, wat veroorsaak dat ons mieliepryse daal. Stabiele graanpryse bemagtig boere om beter te beplan en meer veilige besluite te maak oor hoeveel mielies hulle elke nuwe seisoen wil plant.

**Artikel verskaf deur Jenny Mathews,
Pula/Invula medewerker. Vir meer inligting,
stuur 'n e-pos na [jenjonmat@gmail.com](mailto:jentonmat@gmail.com).**



Uitwissing van Datura-onkruide by mielies om besmette saad te voorkom

Die giftige Datura-plantspesies kom dwarsoor die wêreld voor en daar is twee hooftypes Datura-spesies wat in Suid-Afrika voorkom. Hulle is bekend deur hul Latynse name soos *Datura ferox*, die groot doring, appel of groot stinkblaar en die algemene tipe, *Datura stramonium*, net bekend as stinkblaar. Die onderskeid tussen die "groot" of "kleiner" tipe is verwant aan die grootte van die dorings of stekels op die vrugliggame wat lyk soos klein balle of "appels".

Die plante word beskou as 'n ernstige mededinger vir aangeplante gewasse asook moontlik 'n gevaar van vergiftiging by beide diere en mense. Voordat enige gewassesaad aanvaar word vir inname by amptelike kommersiële silo's, word 'n verteenwoordigende monster van die saad getoets. Enige monster met een of meer *Datura*-sade vir elke 10 kg-mieliessaad sal deur die silo-

operator vir inname en verdere kommersiële gebruik verwerp word.

Dit neem net een volwasse Datura-plant per hektare wat saam met die mieliessaad geoes word, om die hele vrag te bederf.

Beskrywing

Die plante groei oor die algemeen tot tussen 1 m en 1,5 m hoog en ontwikkel baie sterk penwortels wat kompeteer met gewasse vir vog. Die haarloze blare is eivormig, of lank en hoekig tydens die jong stadiums en is heldergroen gekleur aan beide kante. Die volwasse blare groei tot 20 cm lank en 20 cm breed in grootte op die harige stamme.

Wanneer die blare met die voete, hande of bewerkingssimemente gekneus word, word 'n baie sterk en onaangename reuk vrygestel. Dit is waarskynlik een van die maklikste identifiseerbare onkruide wat in ons land voorkom en sy naam beskryf die plant baie mooi.



Vrugvorming nadat blomblare afgeval het.



Jong *Datura*-saailinge op die vierblaar-stadium.



Volwasse vrugdraende liggaam van beide spesies toon die klein skerp dorings van *Datura stramonium* (gewone stinkblaar) en die groot dorings van *Datura ferox*, die groot stinkblaar. Die saad van beide kan gesien word. Die vrugliggame verdeel gewoonlik om die saad vry te stel terwyl dit nog vas is aan die stam. Die volwasse vrugliggame is vir illustrasiedoeleindes uit die stam verweryer.



Onvolwasse groot stinkblaar (*Datura*-spesie) voor die vorming van die vrugliggame.





Die enkel kenmerkende wit of roomkleurige trompetvormige blomme van tot 6 cm in lengte kom op die plantstam voor. Die baie kenmerkende vrugliggaam ontwikkel ná bestuiving en kan tot 4 cm breed wees en het sterk stekels wat oor die hele oppervlak versprei is. Die bruin vrugliggaam verdeel by volwassenheid, sodat die plat nivormige sade van ongeveer 3,5 mm tot 4 mm in lengte onder die plant versprei.

Landboubetekenis

Die plant is 'n baie sterk mededinger by alle aanplantings, insluitende mielies. Indien die gewas nie beheer word met die eerste waarneming nie en gelos word om te groei tot volwassenheid, kan die onkruid letterlik 'n land binne 'n paar seisoene oorneem.

Ons het al lande gesien waar die diere skaars kan beweeg om die mielereste te bewei. Tydens droogte sal diere die jong saailinge vreet en vergiftig word. Die hele plant, maar veral die saad, is giftig.

Die saad word gewoonlik gemeng met die mieliesaadmonster in die stroperbak wanneer meganiese oes van die gewas plaasvind. Die saad kan nie maklik geskei word van die mie liepitte in die stropersif nie. Tydens 'n slegte besmetting van die mieliesaad wat gestroop is, moet 'n aparte sif met gate van 2,5 mm by 5 mm gebruik word om die Datura-sade voor lewering aan kommersiële silo's te onttrek. Soms moet die saad meer as een keer gesif word om al die Datura-saad van die monster te verwijder.

Symptome van vergiftiging

Beide diere en mense ly aan verskillende vlakke van vergiftiging met die inname van enige dele van die plant of saad. Die meeste gevalle van vergiftiging is egter nie dodelik nie.

Slegs 1 mg van die gif in 'n volwasse mens sal hallucinasies veroorsaak, omdat hierdie chemiese middel die werking van senuwees in die brein en senuwees wat die spiere beheer, stop.

Wanneer jong plante gepluk word wat gebruik word as 'n plaasvervanger vir spinasie of "marog", moet sorg gedra word om nie 'n jong Datura in te sluit nie. Die sade kan ook per ongeluk deur klein kindertjies ingeneem word, met noodlottige gevolge. Dit is 'n goeie idee dat jou kinders reeds vanaf 'n vroeë ouderdom in staat is om die sade en plante te identifiseer.

Symptome van vergiftiging by diere sluit spierbewing, maniese gedrag en 'n algemene gevoel van opgewondenheid by diere in. Die inname van die plante of sade veroorsaak die ontwrigting van die spysverteringstelsel en abdominale pyn, bekend as koliek by perde. As jy nie seker is nie, raadpleeg jou veearts onmiddellik indien jou diere nie normaal optree nie.

“

Ons het al lande gesien waar die diere skaars kan beweeg om die mielereste te bewei. Tydens droogte sal diere die jong saailinge vreet en vergiftig word. Die hele plant, maar veral die saad, is giftig.

Beheer van Datura

Die onkruid kan beheer word wanneer hulle in lande en wenakkers, óf by plaashuise die eerste keer waargeneem word, óf deur hulle uit te grawe, uit te trek of met 'n handskoffel te verwijder. Saailinge en plante wat nog nie saad gevorm het nie, kan by 'n komposhoop gegooi word waar die gifstowwe natuurlik sal afbreek.

Dit is egter baie belangrik dat die plante wat saad gevorm het, dieper as 60 cm begrawe word, of verkieslik verbrand word. Hande moet deeglik gewas word indien enige handkontak gemaak word met die groen plante. Handskoene moet altyd gedra word.

Op bewerkte lande kan die breëblaar-onkruid chemies beheer word deur verskeie chemikalieleë tydens onkruidbeheer by mielies. 'n Opbou van Datura kan voorkom word wanneer breëblaargewasse soos sonneblom, in rotasie met mielies geplant word. Dit is dus die beste om enige Datura-plante wat voorkom wanneer mielies in die rotasie verbou word, deeglik dood te maak.

Indien enige lewende plante waargeneem word ná bespuiting, moet hierdie plante met die hand verwijder word voor-oes.

Beheer van Datura-onkruide by mielies tydens, voor- of na-opkoms van saailinge kan gedoen word deur bespuiting met Imazapyr teen 150 g van die aktiewe bestanddeel per liter, plus Glifosaat teen 150 g/liter in 'n mengsel gespuit op 7 liter/ha.

Aktief groeiende plante kan effektief beheer word met 'n bespuiting van Glifosaat-konsentraat teen 350 g/liter op tussen 2 en 3 liter/ha. Onthou dat Glifosaat 'n nie-selektiewe onkruiddoder is en nie-geteikende plante kan doodmaak.

Gevolgtrekking

Maak seker dat jy Datura in jou lande kan identifiseer, sodat enige moontlike besmetting onmiddellik beheer kan word.



SCLEROTINIA

by sonneblom en sojabone



Sclerotinia-infeksie wat strek tot by die sonneblomkop. (Foto: André Nel, LNR-IGG)

Siektes wat veroorsaak word deur Sclerotinia-swamspesies, beïnvloed 'n wye verskeidenheid belangrike kommersiële gewasse soos sonneblom en sojabone in die wêreld en in Suid-Afrika. Die belangrikste gasheerplante van die patoogen sluit peulgewasse, sonneblom, kanola, die meeste groente, tabak, baie tuinblomme sowel as harde vrugte in.

Die siekte wat veroorsaak word, is algemeen bekend as "wit muf", maar verskillende dele van plante kan besmet word en is sigbaar op verskillende maniere. Die siekte kan groot verwoesting en verlies aan inkomste by sonneblom en sojabone veroorsaak.

Hierdie inbringende swam, wat miljoene spore produseer, groei goed en floerer in koel, klam toestande, maar kom in verskillende ekologiese situasies voor.

Simptome en tekens binne die lewensiklus

Swamspesies gaan deur verskeie identifiseerbare stadiums en vorms.

Die eerste teken van wit muf of 'n Sclerotinia-swam word gewoonlik opgemerk op die oppervlak van die dele van die plant wat blootgestel word aan die lug. Die patoogen produseer saggé wit miselium, wat lang stringe swammateriaal is en wat langer word om deur die hele plantweefsel te groei om voedingstowwe te kry.

Op 'n latere groeistadium, ná die stadium waar voedingstowwe bymekaar gemaak word, kom die miseliumstringe saam om aggregate in sclerotia te verander, wat strukture is wat Sclerotinia-spesies toelaat om alleen in die grond, in die afwesigheid van 'n gasheerplant, te oorleef.

Die spesie word vernoem na die liggaam wat gevorm word. Sclerotia het 'n harde swart buitenkantse skil met 'n wit ligte beige binnekant. Dit is gewoonlik baie moeilik om te sien in die grond. Verder is dit oneweredig in vorm en is ongeveer 2 mm tot 5 mm in deursnee en tot 25 mm in deursnee, maar kan so klein as 0,5 mm tot 3 mm in lengte wees. Sclerotinia wat onder 'n grondlaag begrawe word, kan oorleef en besmetlik bly vir tot vyf jaar.

Om hierdie rede is dit dus van kritieke belang om bewus te wees van die siekte en enige



Die gewig van die Sclerotinia-miselium wat die sonneblomkop besmet, het tot gevolg dat dit op die grond val. (Foto: André Nel, LNR-IGG)



Sonneblomstamvrot-simptome toon sclerotia wat ontwikkel in die stamkern. (Foto: André Nel, LNR-IGG)



Apothecia wat ontwikkel op sclerotia op die grondoppervlak. (Foto: FJ Kloppers, Pannar Saad)

verdere verspreiding van infeksies op die lande te stop indien dit op jou gewas waargeneem word. Die meeste infeksies kom uit die grond na die plant en nie van plant na plant nie.

Sclerotia kan op verskeie manier ontkiem. Een metode word gedoen deur die vervaardiging van 'n sampioenagtige liggaam wat apothecium genoem word. Die een of meer apothecia wat vlesige, gekleurde skyfies is, ontwikkel uit die Sclerotinia na die grond en produseer op sy beurt miljoene asco-spore binne 'n tydperk van dae. Die duidelike en nie-gepigmenteerde spore oorleef gelukkig net vir 'n paar dae na die vrystelling daarvan, tensy 'n gesikte gasheerplant gevind word.

Die ontkieming of voortplanting van die patogeen word egter gewoonlik gedoen deur die direkte vorming van hifes-stringe wat ontkiem uit 'n stof wat deur die gasheerplant afgegee word.

Hierdie hifes besmet dele van die plant wat aan die grond raak.

Die derde manier waarop die patogeen kan groei, is deur die vervaardiging van meer miselium wat by sonneblom kan lei tot 'n baie ernstige siekte genaamd sonneblomverwelksiekte, of baale stamvrot.

Sonneblom

Die belangrikste vorms van infeksie wat by sonneblom geïdentifiseer kan word, staan bekend as Sclerotium of basale stamvrot en verwelking kan op die plant gesien word daar waar die hoofstam opgekom het uit die grond. Sclerotium kopvrot wat voorkom as 'n totale verrotting van die sonneblomkop, of Sclerotium stamvrot, is 'n diep infeksie van die stam. Besmette plante verlep, of word omgewaai deur 'n sterk wind.



'n Voorbeeld van Sclerotinia in die stam.

Sojabone

Die stamvrot of wit muf wat by sojabone gevind word, word veroorsaak deur Sclerotinia sclerotiorum-swamspesies. Die simptome word gewoonlik nie gesien totdat die gewas toemaak tussen die rye en 'n vogtige klimaat skep nie. Dit sal duidelik wees tydens baie hoë reënvalseisoene by droëlandproduksie- en besproeiingssojabone.

Verwelking van blare wat gevolg word deur die afsterf van die plante, is gewoonlik tekens van 'n infeksie. Die swamdrade kan gesien word onder die blaredak in die plantrye op die stingels, blare en peule. Letsels ontwikkel op die hoof-stingels en sytakke en die stamme lyk bleek en geskeur wanneer die infeksie in 'n gevorderde stadium is. Groot swart sclerotia van verskillende vorms en groottes vorm in die stamkern en die peule word verskrompel, bly besmet of word vervang deur die swart sclerotia.

Wanneer saad in hiérdie stadium geos word, is dit ongelukkig besmet met die patogeen.

Bestuur en beheer

Die belangrikste beheermaatreëls teen die patogeen by beide sonneblom en sojabone is kultivars wat bestand is teen infeksie, die gebruik van produksieprakte (soos om gewasse te wissel met kleingraan en weidings wat die graad van besmetting verminder) en ook om nie te plant op besmette lande nie. Vermy die plant van jou eie saad wat teruggehou is van besmette lande en beheer breëblaar-onkruid wat optree as gasheer vir die patogeen.

Gevolgtrekking

Leer om Sclerotia-infeksies te identifiseer by jou sonneblom en sojabone, sodat die toepaslike langtermynbeheermaatreëls geïmplementeer kan word.

Artikel verskaf deur 'n agetrede boer.



Oppervlak-korsvormingskrisis

Sonneblomme benodig goeie sorg vanaf die oomblik dat die saad in die grond is!

In die spesifieke geval van sonneblom, kon die boer alles perfek gedoen het, vanaf saadbedvoorbereiding tot plantdiepte en plantpopulasie, maar dit is baie belangrik om te onthou dat sonneblomsaailinge 'n besondere reputasie het dat dit baie kwesbaar is tydens opkoms.

Saailingopkoms is een van die belangrikste faktore by die vestiging van optimale plantdigtheid vir maksimum opbrengs. 'n Algemene oorsaak van swak opkoms is oppervlak-korsvorming.

Die oppervlak van die grond waarin die sonneblomsaad geplant word, kan 'n dik, ondeurdringbare kors vorm wat sal lei tot oneweredige opkoms en gapings in die stand. Omdat sonneblom gewoonlik in die middel van die somer geplant word, het ons warm, droë weer met afwisselende donderstorms. Water word aangetrek tot gronddeeltjies en word vasgehou deur die gronddeeltjies. Wanneer vinnige, harde reën val en gevolg word

deur warm dae, is die effek soos 'n oond wat die grond bak en veroorsaak dat 'n dik kors op die oppervlak ontwikkel. Sonneblom is sterk groeiers, maar selfs dié gewas kan nie vinnig deur hierdie kors dring nie – indien enigsins. Die gevolg sal óf vertraagde opkoms, óf aansienlike gapings in die rye wees.

Verskillende tipes grond reageer verskilend en sommige is meer geneig tot verdigting en korsvorming as ander. Meer bros, kleigrond sal nie so maklik 'n kors vorm as die meer sandige en sandleemgrond nie. Nog 'n faktor wat korsvorming beïnvloed, is die hoeveelheid organiese materiaal in die grond; hoe hoër die vlak van organiese materiaal, hoe laer is die waarskynlikheid van 'n ernstige korsvorming, wat 'n voordeel is vir die boere wat geenbewerkingsboerdery beoefen.

Die tipiese land wat die meeste geneig is tot oppervlak-korsvorming, is die land wat reeds twee of drie keer gewerk is vir saadbedvoorbereiding en 'n redelike fyn tekstuur het.

Toe ek 'n Noordwes-boer, wat reeds vir die afgelope 20 jaar sonneblom in sanderige grond verbou, vra wat hy doen om die probleem van korsvorming aan te spreek, was sy baie ferm reaksie: "Duisendpoot, duisendpoot, duisendpoot!"

Die term "duisendpoot" word algemeen in die hele Suid-Afrika gebruik, maar die korrekte benaming is 'n roltandeg. Dit is baie belangrik dat hierdie aksie op die regte tyd uitgevoer word, aangesien klein opkomende sonneblomsaailinge baie delikaat is en maklik breek indien "duisendpoot" voorkom terwyl dit opkom.

Tydsberekening is alles

Soos die geval met so baie boerdery-operasies, is tydsberekening alles! Die sonneblomboer het slegs 'n klein vensterperiode om met die roltandeg te werk, omdat daar 'n risiko van skade aan die saailinge is.

Elke sonneblomprodusent moet ten minste een bewerking afhandel op die derde dag

SONNEBLOMPRODUKSIE

na-plant. Geen sonneblomme sou al opgekom het nie, dus sal dit verseker dat die oppervlak los is en dit sal ook skade aan onkruidsaailinge wat nader aan die oppervlak ontkiem, aanrig, en nie waar die sonneblomsaad lê nie.

Die volgende proses sal die werklik riskante wees. Indien daar nie weer reën is nie, sal een bewerking voldoende wees vir goeie ontkieming, maar as dit reën voordat die hele land se saad opgekom het, sal jy 'n ander bewerking moet oorweeg om te verseker dat jou saailinge almal goed kan opkom.

Daar bestaan 'n risiko vir die tweede bewerking, want sommige saailinge het reeds ontkiem, terwyl ander nog nie ontkiem het nie en daar is 'n kors wat gebreek moet word! Hoewel die roltandeg se doeltreffendheid oor die algemeen beter is teen 'n vinniger spoed, sal die beste praktyk in hierdie stadium wees om baie stadiger te ry en te verseker dat die spoed van die bewerking nie die klein saailinge uitgrawe, of die wat reeds opgekom het, breek nie.

Nog 'n nuttige stukkie raad is om die bewerking op warm, sonnige middae uit te voer – en terwyl die oppervlak van die grond baie droog is. Die sonneblomplante sal meer buigsaam wees en selfs effens verlep wees, wat sal lei tot minder skade aan die gewas. Daar sal waarskynlik 'n bietjie skade wees, maar dit kan verminder word met sorgvuldige monitering van die proses. Trouens, sommige boere is selfs bereid om hierdie potensiële verlies te dra en die verhoging van hul plantpopulasie dienooreenkomsdig op te stoot. Die reël is 'n 5%-standverlies met elke bewerking.

Geen boer moet net 'n bestuurder na sy grond stuur en hom los met die werk nie – dit is een van daardie tye wanneer dit noodsaaklik is dat die boer na die proses kyk met valkoë!

**Artikel verskaf deur Jenny Mathews,
Pula/Imvula medewerker. Vir meer inligting,
stuur 'n e-pos na jenjonmat@gmail.com.**

Graan SA voer 'n onderhoud met... TO Mdluli



Graan SA se Ontwikkelingsprogram het sy jaarlikse toekenningsgeleentheid, wat uitsonderlike prestasies erken, op 17 Oktober 2013 gehou – vir mev Mdluli veral, was dit 'n dag wat sy nooit sal vergeet nie! Nie net is sy aangekondig as Graan SA se Bestaansboer van die Jaar op hierdie spesiale dag nie, maar dit was ook 'n dag wat haar lewe en boerderypraktyke vir ewig verander het.

Mev Mdluli boer in die Mhlozeni-omgewing, sowat 40 km vanaf Winterton in KwaZulu-Natal. Sy het nooit die voorreg van formele skoolopleiding gehad nie, maar dit het haar nie gekeer om haar lewenslange droom om te boer, te bereik nie. Sy het toegang tot 2 ha landbougrond en 50 ha gedeelde weiding, waarvan 1 ha vir jare aangeplant is met oop bestuifde mielies. In 2009 het sy by 'n Graan SA-studiegroep aangesluit, waarna haar standpunt verander het oor die tipe kultivar wat sy gebruik en verskuif het na 'n meer moderne "Roundup Ready" kultivar. Meer moeite is gedoen om haar land onkruidvry te hou deur die gebruik van chemiese middels wat toegedien is met 'n rugsakspuit, selfs al het dit beteken dat die water wat gebruik is, 2 km ver gedra moes word!

In die verlede is haar bewerkbare grond met die hand bewerk, maar te danke aan die

TR 430-kapploeg wat sy gewen het van Husqvarna by die gala geleenthed in Oktober, het haar bewerkingsmetodes radikaal verander. Voorheen het mev Mdluli se drie seuns haar gehelp om die land voor te berei, die saad te plant en dan die kunsmis met die hand te plaas. Dit het sowat drie weke geneem om slegs 1 ha te plant. Met die gebruik van haar nuwe toerusting, het dieselfde hektaar net drie dae geneem om voor te berei en te plant. Dit het haar in staat gestel om haar aandag en hulpbronne te fokus op die tweede hektaar waarop sy nou daarin geslaag het om droëbone, aartappels, patats en mielies te plant. Sy en haar familie het in die verlede gesukkel om genoeg kos vir 'n hele jaar te voorsien, maar nou kan sy sonder veel moeite, nie net in hulle eie voldingsbehoeftes voorsien nie, maar ook nou 'n bemarkbare oorskot hê.

Na afloop van die gala-aand, waartydens Husqvarna persoonlik haar prys toegeken het, is mev Mdluli deur Husqvarna besoek om die TR 430 te demonstreer en ook te wys hoe sy dit optimaal kan benut. Mnr Clayton Basson van die Husqvarna-tak op Winterton het 'n hele oggend met mev Mdluli deurgebring, sodat sy behoorlik opgelei kon word in die gebruik en instandhouding van die TR 430-kapploeg.

Mev Mdluli se geheim tot sukses kan toeskryf word aan haar bereidwilligheid om te

leer van ander en dit op haar eie plaas toe te pas en te implementeer. Aanvanklik kon sy nie die duur "Roundup Ready"-saad bekostig nie en was dit nodig om oor baie maande geld te spaar om haar eerste groep saad aan te koop. Sonder meganisasie moes sy aanvanklik 'n plaaslike boer gebruik om haar lande op 'n kontrabasis te ploeg, maar as gevolg van die hoë koste daarvan verbonde, het sy oorgeskakel na 'n geen bewerkingstelsel om haar gewasse te produseer teen die laagste moontlike koste, maar ook om meer volhoubare praktyke te implementeer.

Die passie en entoesiasme waarmee mev Mdluli boer, is tasbaar en ook aansteeklik en dit is onmoontlik om haar plaas te verlaat sonder om geïnspireer te wees. Mev Mdluli het bewys dat 'n mens nie noodwendig honderde hektaar grond of die nuutste masjinerie moet hê om die regte boerderypraktyke te vind en 'n sukses daarvan te maak nie. Dit is die dissipline en toewyding van die boer wat bepaal waarheen hy/sy op pad is.

**Artikel verskaf deur Jurie Mentz,
Ontwikkelingskoördineerder van die
Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere.
Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na
jurie@grainsa.co.za.**

Die plaaskantoor

- 'n behoefte of 'n las?

Behoorlike administratiewe bestuur, of die papierwerk, is nie almal se spesialiteit nie, maar is 'n absolute noodsaklikheid vir die sukses van 'n moderne boerderybesigheid.

Wanneer ons kyk na die woord kantoor, dink ons onwillekeurig aan papierwerk of die beter term, "administratiewe bestuur". Ons reaksie – "O nee, ek is 'n boer, nie 'n pennemeester nie, ek werk eerder met 'n nr. 13 sleutel as 'n pen". Ongelukkig is administrasie 'n baie belangrike deel van die bestuur van 'n moderne boerdery, ongeag van die grootte van die besigheid.

Of jy as die boer/bestuurder self hierdie area behartig, of jy iemand anders in diens neem om daaraan te werk, maak nie saak nie – die kwessie bly dat iemand verantwoordelikheid daarvoor moet neem, maar uiteindelik bly die eienaar/bestuurder aanspreeklik.

Alle areas van die totale bestuur van jou besigheid sal een of ander vorm van "papierwerk" vereis. As jy nie aandag gee aan al die nodige administratiewe werk nie, sal jy die sukses van jou besigheid in gevaar stel. Sonder behoorlike papierwerk sal jy nie in staat wees om die nodige finansiële state op te stel vir byvoorbeeld – inkomstestaat, balansstaat en kontantvloeistaat – om jou finansiële resultate, finansiële posisie en jou kontantvloeiposisie te bepaal nie. Sonder hierdie inligting sal jy oningesig wees ten opsigte van die finansiële sukses van jou besigheid.

In vandaag se sake-omgewing is dit van uiterste belang vir die eienaar/bestuurder van 'n landbou-onderneming om 'n behoorlike kantoor tot sy beskikking te hê waar die papierwerk behoorlike aandag sal geniet. Die kantoor moet verkieslik 'n afsonderlike area wees om te dien as 'n sentrum vir die insameling, verwerking, die gebruik van en

die stoer van die bestuursinligting. Afhangende van die grootte van die besigheid, kan die kantoor egter gerieflik geleë wees op enige plek, selfs in die hoek van 'n kamer of slaapkamer.

Om jou "kantoor" te begin, moet jy ten minste 'n tafel/lessenaar, stoel/e, liasseringsruimte, telefoon/selfoon met faks- en e-posfasilitete, volledige kaart van die plaas, grondkaarte en ander kaarte benodig, 'n kennisgewingbord, 'n kalender en die nodige skryfbehoeftes hê. Later kan jy meer luukse items soos 'n rekenaar, fotokopiëringstoerusting, liasseerbabinette ensovoorts byvoeg. Moet asseblief nie begin met duur items van die begin af nie – 'n appelkartonboks is 'n wonderlike liasseerkabinet, gewoonlik pas lêers heel gemaklik in só 'n kartonboks, jy kan dit selfs verf om mooi te lyk.

Die bogenoemde toerusting is egter van min waarde indien dit nie korrek benut word nie. 'n Sistematiese kantoorroetine is dus noodsaklik. Die volgorde waarmee jy aandag gee aan al die administratiewe werk, bly jou keuse – die beginsel is om aandag te gee aan hierdie sake op 'n gereelde basis.

Gee aandag aan al jou korrespondensie wat jy ontvang, verkieslik deur dit eerstens te liasseer in een van die volgende korrespondensiélêers:

- "Vir liassing" vir tydelike liassing op 'n latere stadium;

*"Indien goed bestuur word,
sal die kantoor die hart van jou
besigheid wees in terme van
beplanning, organisering,
implementering en
beheer van jou besigheid."*

IMVULA

Redaksie

GRAAN SA: BLOEMFONTEIN

Suite 3, Privaatsak X11, Brandhof, 9324
Collinstraat 7, Arboretum
Bloemfontein
► 08600 47246 ◀
► Faks: 051 430 7574 ◀ www.grainsa.co.za

HOOFRDAKTEUR

Jane McPherson
► 082 854 7171 ◀ jane@grainsa.co.za

REDAKTEUR & VERSPREIDING

Liana Stroebel
► 084 264 1422 ◀ liana@grainsa.co.za

ONTWERP, UITLEG EN DRUK

Infoworks
► 018 468 2716 ◀ www.infoworks.biz



PULA IMVULA IS BESKIKBAAR IN DIE VOLGENDE TALE:

Afrikaans,
Engels, Tswana, Sesotho,
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere

ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERDERS

Danie van den Berg
Vrystaat (Bloemfontein)
► 071 675 5497 ◀ danie@grainsa.co.za

Johan Kriel
Vrystaat (Ladybrand)
► 079 497 4294 ◀ johank@grainsa.co.za
► Kantoor: 051 924 1099 ◀ Dimakatsi Nyambose

Jerry Mithombothi
Mpumalanga (Nelspruit)
► 084 604 0549 ◀ jerry@grainsa.co.za
► Kantoor: 013 755 4575 ◀ Nonhlaphela Sithole

Naas Gouws
Mpumalanga (Belfast)
► 072 736 7219 ◀ naas@grainsa.co.za

Jurie Mentz
KwaZulu-Natal (Vryheid)
► 082 354 5749 ◀ jurie@grainsa.co.za
► Kantoor: 034 980 1455 ◀ Sydwell Nkosi

Ian Househam
Oos-Kaap (Kokstad)
► 078 791 1004 ◀ ian@grainsa.co.za
► Kantoor: 039 727 5749 ◀ Jenilee Bunting

Lawrence Luthango
Oos-Kaap (Mthatha)
► 076 674 0915 ◀ lawrence@grainsa.co.za
► Kantoor: 047 531 0619 ◀ Cwayita Mpotyi

Toit Wessels
Wes-Kaap (Paarl)
► 082 658 6552 ◀ toit@grainsa.co.za

Die plaaskantoor – 'n behoefté of 'n las?

- "Vir aandag"-lêer vir onmiddellike aandag; en
- "Liassing"-lêer vir permanente liassing ná die betrokke korrespondensie aandag gekry het.

Daarna aandag te gee aan dit wat aandag nodig het. Onthou egter dit is baie, baie belangrik om afskrifte van alle uitgaande korrespondensie en dokumente te hou en dit te liasseer.

Die verwerking van alle brondokumente van finansiële transaksies, watter metode ook al gebruik word, met die hand of per rekenaar, moet ook gereeld aandag geniet en dan op 'n georganiseerde manier geliasseer word volgens die verskillende tipes brondokumente. Volgens die reëls en regulasies van die belastingswet moet hierdie dokumente in elk geval vir 'n minimum tydperk van vyf jaar gehou word en sommige selfs vir altyd.

Gee aandag aan die rekordhouding en ander papierwerk van jou arbeidsverwante sake (WVF en ander), masjinerierekords, produksierekords, bate- en voorraadbestuur ensvoorts.

Dan is daar ook natuurlik die amptelike liassing – "Ek hou nie van papierwerk nie en nou is daar nog die liassing wat gedoen moet word". Hou in gedagte, selfs wanneer jy 'n rekenaar gebruik, sal jy altyd fisiese liassing moet doen van die sogenaamde harde kopieë of fisiese papiere.

Sonder 'n behoorlike liasseerstelsel word waardevolle tyd gemors op die soek na dokumente. Daarom moet die liassing op so 'n wyse gedoen word dat dit:

- Eenvoudig en maklik is om toe te pas;
- Ruimte bespaar en doeltreffend gebruik word;
- Maklik is om dokumente op te spoor; en
- Die stelsel maklik verander kan word.

'n Indeksstelsel waardeur lêers geklassifiseer word, is 'n noodsaaklikheid. Dit is ook belangrik om die dokumente op so 'n manier te liasseer dat dit maklik opspoorbaar is en weer korrek en maklik geliasseer kan word.

Gee ook aandag aan jou beplanning en belangrike gebeure op 'n gereelde basis. 'n Muurkalender of kennisgewingbord is baie handig om notas aan te bring om belangrike datums, aksies en afsprake te onthou.

Daarom, ten einde jou administratiewe bestuur te verbeter, moet jy iewers 'n "kantoor"



vestig om behoorlik aandag te gee aan die administratiewe werk. Doe die administrasie werk verkiekslik op 'n daagliks basis, selfs al beteken dit in die aand. Indien daagliks aandag nie moontlik is nie, gee ten minste aandag daaraan op 'n weeklikse/maandelikse basis, afhangende van die volume. Indien jy sukkel met administratiewe werk, hoekom woon jy nie 'n kursus by ten opsigte van die vaardigheid om 'n kantoor behoorlik te bestuur nie?

Indien dit behoorlik bestuur word, sal die kantoor die hart van jou besigheid wees in terme van beplanning, organisasie, implementering en beheer van die besigheid. Behoorlike administratiewe bestuur sal 'n gevoel van "goed voel" oor jou besigheid gee en in die geval van navrae sal dit maklik wees om stawende dokumente te vind. Behoorlike administratiewe bestuur sal diebeeld skep dat jy in volle beheer van jou besigheid is en vertroue in jou besigheid skep. ☺

**Artikel verskaf deur Marius Greyling,
Pula/Imvula medewerker. Vir meer inligting,
stuur 'n e-pos na mariusg@mccacc.co.za.**



HIERDIE PUBLIKASIE
IS MOONLIK GEMAAK
DEUR DIE BYDRAE VAN
DIE MIELIETRUST